

ONS  
**SOEK**  
NOG

Voorsangers

Klankspanlede

Instrumentaliste

**WORD DEEL  
VAN DIE SPAN!**

KONTAK BABETTE  
072 190 6248

## Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Weekliks volgens die kalender  
Volgende geleentheid:

**28 Januarie 2022**

**Koffie 05:15 Gesprek 05:30**

Die volgende riglyne geld:

Dit is absoluut vrywillig.

Ons primêre fokus is werkende mans in ons gemeente, hoewel almal welkom is.

Die tyd is 05:15, hoewel ons eers 05:30 begin om tyd toe te laat om eers koffie te maak vir dié wat wil hê.

Die byeenkoms word beperk tot 1 uur, maar jy is welkom om vroeër te vertrek as jou omstandighede dit vereis.

Ons gaan vanjaar James Bryan Smith se **"The Good and beautiful God"** deurwerk.



**ACVV Huis Marie Louw, NPO organisasie benodig tans nuwe bestuurslede uit die gemeenskap met onder andere 'n finansiële agtergrond en/of kennis in verband met Departement Arbeid personeelsake. Tweetalige belangstellendes skakel asb. Johanna Meyer 082 579 4068 of epos: [jmhml45@gmail.com](mailto:jmhml45@gmail.com).**

## BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS

Na baie maande waartydens Berg-en-Seeklub a.g.v die pandemie tot stilstand gekom het, vergader ons weer op

**Donderdag 3 Februarie 2022 om 10:00** in die **kerksaal**.

Daar tree 'n uitstekende spreker en musiekkunstenaar op.

Alle senior burgers, ook nuwe intrekkers, is baie hartlik welkom om hierdie geleentheid by te woon!

## BYBELSTUDIE STORMHAVEN PARK

27 Januarie 2022 om 10:00

Koördineerder: Coenie Basson - 082 552 1850

## Kategese

Die kategese hervat vandag.

**Die junior kategese (voorskool tot graad 6) skop af met die gesinsdiens in die kerksaal en die senior kategese kom na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal bymekaar.**

Die junior kategese gaan vanjaar die "Amazing Race"-reeks behandel. "Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou".

Die realiteitsprogram, "The Amazing Race", neem deelnemers op 'n avontuur regoor die wêreld waar elf spanne van twee teen mekaar deelneem in 'n poging om die alleen-wenners te wees van 1 miljoen dollar. Die wedloop bestaan gewoonlik uit elf bene waar elke been se kompetisie in 'n ander wêrelddeel plaasvind. Aan die einde van elke been word 'n span uitgeskakel totdat daar uiteindelik drie spanne oor is wat in die laaste been deelneem waar slegs een span een miljoen dollar wen.

Die "Amazing Race" herinner ons aan Paulus se beeld van die Christen-lewe as 'n atleet wat aan 'n wedloop deelneem. Elkeen van ons se geestelike lewe is tog ook 'n groot avontuur, 'n "Amazing Race". Tussen die realiteitsprogram, "The Amazing Race" en die Christen se "Amazing Race" is daar egter 'n groot verskil. Die Christen se "Amazing Race" word gespeel met 'n ekstra G.

God se teenwoordigheid in jou lewe maak jou wedloop

**"AMAZING GRACE".**

Tydens vanoggend se gesinsdiens begin ons die "Amazing Race" wedloop.

Sien jou daar!



